

JUNIE: God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Sondag 9 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:1-13

Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:13

God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Hoe oordeel ons? Wat is vir ons belangrik? En nog 'n volgende vraag: Hoe waardeer jy jouself as persoon? Die HERE kies nie volgens menslike maatstawwe nie. Dit wat vir mense tel, weeg nie altyd vir Hom die swaarste nie.

Samuel treur nog oor Saul, want hy is teleurgesteld in hom. 'n Mens kan maklik vassteek in jou verdriet en teleurstelling. God gryp in, want Samuel en sekerlik ook die volk kan nie vashaak in hulle ontnugtering nie. Ons Vader se plan moet voortgaan, ten spyte van mense se sonde en mislukkings.

Ons sorgsame HERE verwag nie van Samuel om sy lewe in gevaar te stel nie. Samuel kan met wysheid die gevaar vermy. Ons sien die HERE is baie ernstig oor sy beloftes aangaande hierdie volk en hulle verlossing. Hy sal nie toelaat dat Saul met sy moedswillige ongehoorsaamheid die HERE se plan in die wiele ry nie.

Die kerk van daardie dae het 'n nuwe leier nodig en die HERE het op een van Isai se seuns besluit. In die huis van Isai wys die HERE vir Samuel en vir ons dat Hy anders na mense kyk. Hy kyk na die hart, die innerlike van die mens.

Die hart van die mens is die oorsprong van die lewe (Spr. 4:23). Daar word die besluite geneem. Daar word die verhouding met God ervaar. Ons moet beseef die HERE kyk ook na ons hart. Ons kan niks vir Hom wegsteek nie (Ps. 139). Hoe lyk u hart en wat is vir u belangrik in ander mense?

Wat wil die Heilige Gees ons leer? Deur Dawid te kies, wil die Here sy volk voorberei op die koms van Dawid se Seun, Jesus Christus. Soos Israel moet ons ook leer om nie te kyk na uiterlike voorkoms met betrekking tot God se Messias nie. Die HERE is vrymagtig (soewerein). Hy verlos ons op sy manier. Dawid se Seun kom in nederigheid en word daarom deur baie in sy eie tyd verwerp, omdat hulle nie God se hart in Hom raakgesien het nie.

Deur Hom wat onbeduidend was in die oë van mense het die Heilige Gees die kerk deur die eeue vernuwe en verlos.

Sing: Psalm 139-1:11, 12

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)